

Die kat



Die kat slaap op die mat. Flappie blaf vir hom. Die kat klim in die boom. Daar kan Flappie hom nie vang nie. Die kinders sien die kat in die boom. Hulle gaan huis toe en sê dit vir Mamma. Vlooi is kwaad en sê: "Kry die kat!"

Die perd



Die perd hardloop op die sand. Die kinders wil hom vang. Kalla spring op die perd se rug. Biebie en Vlooi lag vir hom. Die perd swaai sy stert en loop tot by die water. Kalla klim van die perd af. Almal hou van die perd. Die kinders gaan huis toe.